higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 2

(1011032)

11 Maart 2020 (Y-vraestel)
12:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 2 addendums.

422Q1S2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. VRAAG 2.2 en 3.3 moet op die aangehegte ADDENDUMS beantwoord word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Groot hoeveelhede mielies word in silo's geberg.

1.1.2 'n Grootboek is die belangrikste boek waarin 'n maatskappy se transaksies aangeteken word.

1.1.3 Die inkomstestaat weerspieël die finansiële posisie van die besigheid op 'n spesifieke datum.

1.1.4 Bedryfsuitgawes verwys na daardie kontant uitgawes wat aangegaan word vir die tydperk-tot-tydperk bedryf van die besigheid.

1.1.5 Omsetting is die proses waardeur kapitaal gebruik word om bates te koop wat omgeskakel word in produkte wat uiteindelik kontant word.

1.1.6 Hoofskuld is die oorspronklike bedrag skuld waarop rente bereken word.

1.1.7 Wins is die geld wat verdien word nadat die produkte verkoop is.

1.1.8 In plaashekbemarking word verkope deur 'n markagent op 'n kommissiebasis namens die boer gedoen.

1.1.9 'n Inventaris is 'n staat waarin alle besigheidsbates en hulle waardes op 'n spesifieke tydstip aangeteken word.

1.1.10 Verandering in vaste koste hang af van hoeveel jy produseer.

(10 × 1) (10)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur dit langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Sakepersoon wat namens iemand anders in ruil vir kommissie koop of verkoop

1.2.2 Welvaart wat gebruik kan word om meer welvaart te skep

1.2.3 Boerderystelsel wat gewasse en vee op dieselfde plaas integreer

1.2.4 Koste wat 'n boer moet betaal hetsy daar geproduseer is of nie

1.2.5 Wet wat verklaar dat minder mense koop wanneer die prys van die produk hoog is terwyl meer mense koop wanneer die prys laag is

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Tipe kapitaal wat oor 'n tydperk van vyf jaar tot tien jaar gebruik word

1.2.7 Hoeveelheid produk wat geproduseer word, is gelyk aan die hoeveelheid produk wat verbruikers nodig het

1.2.8 Proses om geld in die bank te betaal

1.2.9 Hoeveelheid goedere wat produsente bereid is om teen 'n sekere prys te verkoop

1.2.10 Gewasse wat elke jaar opnuut aangeplant moet word

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORD-BOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Melk word hierin op 'n plaas geberg om dit vars te hou	A	skape
1.3.2	Mak herkouer wat aangehou word vir vleis en wol	B	boks
1.3.3	Situasie met potensiaal vir gevaar of skade	C	tenk
1.3.4	Om 'n besigheid te begin, verantwoordelikheid te aanvaar om geld te verloor of maak	D	wins
1.3.5	Finansiële instellings wat langtermyn lenings aanbied om plase, vee en masjinerie te koop	E	entrepreneurskap
1.3.6	Mark waar lewende diere aan die hoogste bieër verkoop word	F	mark
1.3.7	Inkomste is gelyk aan koste	G	gelykbreek begroting
1.3.8	Noodsaaklike kenmerk van plaasveiligheidsplan	H	kapitaal
1.3.9	Plek waar mense goedere en dienste koop en verkoop	I	gevaar
1.3.10	Finansiële bates wat nodig is om goedere te produseer	J	plaasbestuurders
		K	brandblusser
		L	vee
		M	veiling
		N	Landbank

(10 × 1) (10)

[30]

TOTAAL AFDELING A: **30**

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Definieer elk van die volgende:

2.1.1 Inkomstestaat

2.1.2 Wins

(2 × 2) (4)

2.2 Mnr PP Mothibantoa verskaf die volgende finansiële inligting oor die plaas vir die tydperk 1 Maart tot 31 Mei 2019.

NO	BESKRYWING	BEDRAG (R)	TYDPERK
1	Kontantverkope van vee	35 000	Mei
2	Medisyne	2 000	Maart
3	Kunsmis	6 000	Maart
4	Chemikalieë en saad	5 000	Maart
5	Lone	4 500	Maandeliks
6	Versekering	1 500	Maandeliks
7	Telefoon	1 000	Maandeliks
8	Kontantverkope van mielies	25 000	Mei
9	Water en elektrisiteit	2 000	Maandeliks
10	Kontantverkope van groente	5 000	April

Gebruik ADDENDUM A om 'n kontantvloeistaat vir die plaasbesigheid op te stel. (30)

2.3 Definieer *horison.* (1)

[35]

VRAAG 3

3.1 Definieer *netto waarde*. (2)

3.2 Gee DRIE voorbeelde van korttermyn aanspreeklikhede. (3)

3.3 Gebruik die aangehegte ADDENDUM B om die balansstaat vir Mnr Aruseb se plaasbesigheid te voltooi.

ITEM	WAARDE (R)
Vaste verbeterings	25 000
Bemarkbare vee	15 000
Huurpaaiemente	10 000
Gewas en gewasprodukte	22 000
Kantoormeubels	40 000
Krediteure	5 000
Verbandlenings	120 000
Grond	100 000
Lone	35 000
Debiteure	2 000
Voertuie	50 000
Rekenings betaalbaar	15 000
Korttermyn belegging	8 000
Kontant in bank	26 000
Veeartseny-rekening	3 500

(20)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 4

4.1 'n Varsproduktemark is een van die verspreidingskanale wat vir groenteboere beskikbaar is.

4.1.1 Definieer *varsproduktemark.* (2)

4.1.2 Noem DRIE voordele om 'n varsproduktemark te gebruik. (6)

4.2 Noem VYF faktore wat die aanbod van landbouprodukte beïnvloed. (5)

4.3 Makau Malatsi, 'n mielieprodusente, het mikotoksiene in sy gewasse gevind.

4.3.1 Noem DRIE oorsake van mikotoksiene. (3)

4.3.2 Noem VIER maatreëls wat hy kan gebruik om mikotoksiene in sy gewasse te minimeer. (4)

4.4 Noem VIER natuurlike faktore wat die seleksie van landbou-ondernemings affekteer. (4)

4.5 Noem DRIE tipes bankrekeninge. (3)

4.6 Noem VIER produksiefaktore in landbou. (4)

4.7 Gee VIER redes waarom jy gemengde boerdery vir 'n ontluikende boer sal aanbeveel. (4)

[35]

VRAAG 5

5.1 Voltooi die kontantbetalingsjoernaal deur die ontbrekende inligting in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraag (5.1.1–5.1.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

Lone vir: Mpho Nteo, R3 000, tjek 1
Tobias Sithi, R5 000, tjek 2
Regina Nel, R4 000, tjek 3

SAID krediteur, R2 000, tjek 4
Mediese Fonds, R2 500, tjek 5
Pensioenfonds, R2 000, tjek 6

Datum	**Verw.**	**Details**	**Salarisse (R)**	**Ander (R)**	**Totale betalings (R)**
30 April	Mpho Nteo	Tjek 1	**5.1.1**		
30 April	Tobias Sithi	Tjek 2	**5.1.2**		
30 April	Regina Nel	Tjek 3	**5.1.3**		
30 April	SAID	Tjek 4		**5.1.4**	
30 April	Med. Fonds	Tjek 5		**5.1.5**	
30 April	Pensioenfonds	Tjek 6		**5.1.6**	
TOTAAL			**5.1.7**	**5.1.8**	**5.1.9**

(9 × 1) (9)

5.2 Dui aan of die volgende bates of laste KORT, MEDIUM of LANGTERMYN is deur slegs 'Kort', 'Medium', of 'Lang' langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (6)

5.2.1 Braaikuikens

5.2.2 Trekker

5.2.3 Eiers 

5.2.4 Hoenderhuis

5.2.5 Hoendervoer

5.2.6 Sleepwa

5.3 Noem VYF landbouwette en -regulasies wat groente-, bok- en hoender-produsente in gedagte moet hou wanneer hulle daarmee boer. (5)

5.4 Jy moet toerusting en ander hulpbronne koop om 'n kollege koshuis van tamaties te voorsien.

Noem VYF bronne waar jy kan aansoek doen vir 'n lening om die projek te begin. (5)



[25]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 2.2

KONTANTVLOEISTAAT VIR MOTHIBANTOA PLAAS 1 MAART TOT 31 MEI 2018				
ITEM (R)	**MAART**	**APRIL**	**MEI**	**TOTAAL**

Maak die addendum los en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in nadat jy dit ingevul het. Onthou om jou EKSAMENNOMMER in die ruimte wat verskaf is in te vul.

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B EKSAMENNOMMER:

VRAAG 3.3

BALANSSTAAT VIR ARUSEB PLAAS			
BATE	**BEDRAG (R)**	**LAS**	**BEDRAG (R)**

Maak die addendum los en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in nadat jy dit ingevul het. Onthou om jou EKSAMENNOMMER in die ruimte wat verskaf is in te vul.

Kopiereg voorbehou